# *Belangrike Profesie*

***vir***

# *vandag!*

Die volgende profetiese openbarings en kommentaar word met gelowiges gedeel:

**God gaan die aarde slaan!** Hierdie profetiese openbaring het ek van die Here ontvang `n aantal jare gelede nog voordat klimaatsveranderings so drasties ingetree het soos wat tans die geval blyk te wees. Ek het in die visioen wat God my gegee het (`n naggesig) gehoor hoe `n ware profeet van die Here besig was om die oordele van God uit te basuin. Ek het gesien hy staan op `n afstand en demonstreer `n strafgerig, so asof hy besig was om n voorwerp te slaan. Toe profeteer hy: "Die Here gaan hierdie aarde slaan!" Ek het gesien hoe vloedwater voor my al hoër opwel en bly styg. Ek het lyke op die water sien drywe en die Here het toe aan my verklaar dat dit die wyse is waarop hy strafgerigte oor die aarde gaan uitoefen in die nabye toekoms, iets wat baie duidelik toe `n aanvang geneem het, dit is op hierdie wyse. Ek kan ongelukkig nie meer die jaar onthou nie maar dit was in ongeveer 2003/4.

Ek het verlede nag weer hierdie tipe droom belewe. Ek sien vloedwaters styg geweldig soos in `n baie ernstige katastrofiese vloed oor sentraal Europa. Ek sien hoe die watervlak baie hoog styg teen ou geboue, die tipe geboue wat mens in veral Rusland en Oos-Europa sal kry. Ek het in die droom gesien hoe ek mense vertel van ernstige, rampspoedige vloede oor "sentraal Europa". Ek voel gedwonge om hierdie gesig oor te dra omrede dit geloof in God versterk wanneer dit tot vervulling kom. Ons skryf alles toe aan "natuurlike oorsake" maar ons is geneig om te vergeet dat God in beheer van die wêreld is en dat Hy juis openbarings gee sodat ons hierdie Skrifwaarheid kan glo. In die Boek Openbaringe verneem ons juis van die skale van God wat op die aarde uitgegooi word en dit is niks anders nie as God se strafgerigte wat Hy volgehoue sal uitoefen tot by die wederkoms van Jesus.

**Die El Nino verskynsel – soms verwys na as die El Ninja (?).** Ek het in 1997 `n merkwaardige naggesig van die Here ontvang. Ek kan nog baie goed onthou hoe ek dit met my Pa wie `n ware profeet van die Here op sy dag was, gedeel het. Hy het baie aandagtig geluister en dit beaam. Hy was altyd een vir waarheid en dat ons suiwer in die Woord van God moet bly. Ook dat mens nie mag verklaar : " So spreek die Here..." tensy ons seker is dat ons wel die profetiese gawe van God ontvang het. Dit is `n gruwel in God se oë om iets voor te bring uit eie oorweging want dan is dit satanies. Ons mag dan nie ons op hierdie terrein begewe net om mense te probeer beïndruk of om hulle te beheer nie.

Ek het my in hierdie visioen in `n koffiekroeg bevind. Die venster aan die voorkant was halfmaanvormig (halwe sirkel). Daar was heelwat mense wat ontspanne gesit en lag en gesels het. Daar was skielik `n groot geraas in die lugruim en almal het opgespring en buite toe gehardloop om

te gaan kyk wat aan die gang is. Ek het `n eienaardige struktuur stelselmatig na my toe sien aanbeweeg. Dit was in die hemelruim en baie na aan ons. Soos wat ek gestaan en toekyk het, het die langwerpige “vaartuig”soos wat ek dit wil beskryf – al hoe nader beweeg. Ek het soos wat hierdie eienaardige struktuur besig was om nader te kom, gehoor hoe dit aangedryf word deur `n geweldige sterk wind. Ek het die gedreun van die wind al hoe sterker gehoor en ek kan dit net as skrikaanjaend beskryf. Daar was wat vir my gelyk het wolke wat deel gevorm het van hierdie eienaardige windgedrewe vaartuig, dit is aan die verste punt. In die middel van hierdie voorwerp - aan die verste (agterste) kant kon ek donker wolke sien wat dan deel was van die agtergrond. In die middel van die wolkformasie het dit gelyk soos `n gloeiende vuuroond - die res van die wolke was donkergrys tot swart. Die langwerpige struktuur het toe met `n gedreun oor ons koppe verby getrek en ek kon die krag van die geweldige warm wind wat dit aangedryf het voel en sodat ek byna nie op my voete kon bly staan nie. Ek het `n man gesien wie naby my gestaan het en ek kon sien hoe die hetige wind sy gesigvel letterlik verbrand. Ek het aan hom gesê om plat te val want dan sou die geweldige warm wind ons nie so intens tref nie. Ek het `n stem hoor sê: “Hierdie wind gaan die hele graanoes verbrand maar almal wie aan My behoort sal Ek beskerm”. Ek het hierdie visoen daarna met baie gedeel en daar was inderdaad en kort daarna al die tekens van dit wat die Here in hierdie visioen openbaar het (in die Suid-Kaap). Daar was selfs berigte in die koerant oor die rampspoedige gevolge van droogtetoestande en daar was ook watervloede met ernstige gevolge op die graanoeste.

Die Here was getrou. Hy laat die mens wat Hom getrou dien nie in die steek nie en om hierdie rede gee Hy ons openbarings alvorens Hy Sy strafgerigte uitoefen (Hos. 13.10).

Maar waarom ek voel om hierdie visioen weer te vertel, is omdat ons kan sien dat wat besig is om te gebeur met sogenaamde “klimaatsveranderings” en wat gewoonlik aan natuurlike oorsake toegeskryf word, nogsteeds God is wie in beheer van alles is. Tog kom dit ook voor asof hierdie selfde saak nog nie as afgehandel beskou kan word nie. Dit lyk asof oorstromings sowel as droogtetoestande nog lank nie verby is nie. Al sou hierdie tipe katastrofes dan deel wees van die ekologie, is God in staat om dit wat in die onmiddellike toekoms op ons wag en wat ons lewens dan wesentlik raak onder ons aandag te bring – en in hierdie opsig natuurlik hoedanig hierdie tipe natuurrampe `n drastiese effek op ons infrastruktuur en veral ekonomiese sake kan hê. Ons kan ook kosskaarste in die toekoms verwag (hierdie openbaring was ook onder ons aandag gebring, iets wat ons dikwels bespreek het, selfs dat die “wetenskaplikes koppe bymekaar sal sit om te kyk of hulle nie die oeste sal kan verbeter nie, maar dit sal nie slaag nie”. Met ander woorde dit sal nie standhoudend wees nie want as God ons nie seën met genoegsame, tydige (!) reënval nie, kan die landerye wat so getrou versorg word, ook nie die verlangde oeste oplewer nie. En om hierdie rede moet ons die Almagtige getrou dien want “die regverdige (=almal wie hulle lewens in ooreenstemming met God se vereistes en voorskrifte bring) sal uit geloof lewe!” (Hab. 2.4).

Hos. 12.11: Ek het ook tot die profete gespreek, en Ek het gesigte vermenigvuldig en deur middel van die profete gelykenisse voorgedra. (14) Want deur `n profeet het die HERE Israel uit Egipte laat optrek, en deur `n profeet is hulle opgepas.

God kom dan die mens inderdaad te hulp deur die profetiese woord (van die profete) want Hy bring nie alleenlik strafgerigte nie maar ook die vertroosting van hoop en vertroue in Hom, die alvoorsienende God op hierdie wyse tot ons.

Hos. 13.6: Ooreenkomstig hulle weiveld het hulle versadig geword (maar) toe hulle versadig was, het hulle hart hoogmoedig geword; daarom het hulle My vergeet. (7) Toe het Ek vir hulle soos `n leeu geword, soos `n luiperd lê Ek by die pad en loer (8) Ek val hulle aan soos `n beer wat van kleintjies beroof is, en Ek skeur hulle borskas oop; en soos `n leeuin verslind Ek hulle daar, die wilde diere van die veld sal hulle verskeur.

By goeie oorweging van voorafgaande OT profetiese stellings, behoort ons dan te kan sien dat dit nie met ons goed sal gaan as ons God sou vergeet nie. Die tipe gelowige wat dan die Genadeboodskap oorspeel (dit skeeftrek) sal beslis hierdie tipe strafgerigte van God vermy, maar baie beslis dan tot hulle eie nadeel want niemand (!) kan vir God en namens God besluite neem nie. Om hierdie rede behoort ons dan bedag daarop te wees dat ons God alleenlik kan behaag as ons Hom in Gees en in Waarheid dien (Joh. 4.24). Luister hoe maan God Israel: (Hos. 13.9) : "Dit is jou verderf, o Israel, dat jy teen My, jou helper, is." Tog, ten spyte van die mens se volgehoue ongehoorsaamheid aan God, selfs sy arrogansie om homself bo God se raadsbesluite te verhef, kom God die mens maar altyd weer te hulp (Hos. 13.14). En natuurlik deur om ons op die hoogte te hou van gebeure wat sal plaasvind en sodat ons ons kan skik om ons God se behaag. By die Here kan ons skuiling vind as benoudheid ons sou oorval.

Om God in Gees en Waarheid te dien, beteken dat ons hom in die waarheid van Sy Woord moet aanbid, en dat ons harte aan Hom verbind moet wees.

**Profetiese openbarings wat alreeds op hierdie webwerf verskyn**

Dit word bondig op hierdie wyse aangebied omrede die meeste hiervan deel vorm van veral oudio-aanbiedings wat dan soms moeilik opspoorbaar is. Die profetiese woord is aktueel en dan iets wat ons eintlik in ons harte moet bewaar omrede ons behoort te weet dat God waaragtig is, en om hierdie rede, en veral waar dit vir gelowiges bedoel is (1 Kor 14), sal daar wel diegene wees wat weer daarna sou wou luister:

(1) Aangaande die megakerkbyeenkomste**:** Ek het reeds heelwat openbarings in die verlede gedeel, of in eposse of op hierdie webwerf aangebied, oor God se ontevredenheid met die sogenaamde "Kerk van Jesus Christus". <u>Diegene wat gehoor wil gee, sal gehoor gee want hulle wat IN Christus is, sal altyd bereid wees om gehoor te gee aan die noodsaaklike oproep tot bekering</u>.

(2) Graag vestig ek ook die aandag op baie merkwaardige profesie wat die Here in die verlede in ons midde gelê het en wat wesentlike politieke toestande waarin ons ons nou bevind raak en wat in sekere opsigte dan ons sal bybly. God het byvoorbeeld die oorname na `n nuwe bedeling in Suid-Afrika aangekondig in 1981 en diegene wat weer na hierdie Godspraak wil luister, kan dan die volgende doen: Dit is op die Oudioreeks, "Die Heilige Gees in My Bediening", gebring deur Arie RJ Blomerus (1910-1997) Vir die oproep tot gebed vir Israel en hoedanig God hulle toestand in `n baie merkwaardige profesie bekend gemaak het: Gaan ook na "Die Heilige Gees in My Bediening", Deel 6 (Oudio).

Ons staan nou ook op die drumpel van `n skeuring in die ANC en soos wat die Here dit ook deur dieselfde gesalfde in 1993/4 verklaar het. Die Here het daardie oggend tydens `n erediens aangekondig dat die VN gaan vertak en wat natuurlik van wesentlike belang vir ons in Suid-Afrika sal wees. God het ook daardie dag die stand van ekonomiese toestande aangekondig en verklaar dat daar sal `n tyd kom wat die Rand-waarde baie sterk gaan val en dat geld min koopkrag sal hê ("Hulle sal hulle goud op die strate gooi want dit sal niks werd wees nie"en wat die skeptici natuurlik sal verklaar as "vals"omrede hierdie selfde woorde in die profetiese (Bybel) boeke voorkom maar God kan historiese gebeure herhaal in profesie want wat was is en sal wees totdat Jesus terugkeer (Die Here het verklaar: "Jy sal tog nie jou goud kan eet nie!" En wat natuurlik die aard van egte profesie openbaar, naamlik: dit is bondig en baie direkte kommunikasie tussen God

se verklaring (Sy gedagte) en die mens, Sy maaksel. Dit dui natuurlik in baie sterk, onpretensieuse taal wat ware profesie onderlê, dit is met ander woorde dat waarheid op die man af is, dit is dus verstaanbaar vir een en almal, gaan gepaard met God se voorskrifte (dit wat jou passie onderlê, is dan niks anders nie as afgodsaanbidding en om hierdie rede mag ons dan nooit geldwaardes bo ons aanbidding van God en nakoming van Sy voorskrifte stel nie. Dit bedoelend natuurlik direkte Godspraak teenoor visioene en drome wat, hoewel die inhoudelike boodskap altyd waarheid is en ook tot die mens se verstand spreek, is dit minder direk omrede die een wat die visioene en drome ontvang dit interpreteerbaar maak vir sy/haar gehoor volgens sy insig en wysheid van God ontvang en dit is dan in `n sekere sin van die woord meer indirek verklarend vir `n gehoor as byvoorbeeld direkte Godspraak wat dan meer direk stellend is (selfs blatant en ontnugterend kan wees vir `n toehoorder), as ek die onderskeid so kan maak. Die gesproke woord, veral deur God se Gees gedrewe deur `n ware gesalfde, is altyd baie kragtig en openbarend.

Feit is God se Woord het uitgegaan deur die profete van ouds en natuurlik sal historiese gebeure weer herhaal kan word, en veral as die geskiedenis homself sou herhaal, maar nooit op presies dieselfde wyse nie want tyd en tye verander wel maar die gang van die mens, sy ingesteldheid en sy verwagtinge, sy ambisies en kardinale behoeftes, bly maar basies onveranderd. Om hierdie rede moet ware gelowiges, vir wie profesie bedoel is, die Here altyd in Gees en in waarheid soek want profesie vereis `n geestesingesteldheid sowel as `n ingesteldheid vir die bonatuurlike terwyl die natuurlike, aardsgebonde mens dit nooit sal kan begryp nie want God is Gees en ons is vleeslik ingestel en die mens moet dan weergebore word om enigsins sake geestelik te kan begryp en te kan verklaar (v. 1 Kor. 14.22; Joh. 4.24). Met hierdie stelling in gedagte behoort ons Jesus se stryd met die Fariseërs beter te kan verstaan. Hulle het altyd fout gevind het met Sy Gees-geleerdheid of moontlik beter gestel Sy Gees-inspirasie en -ingesteldheid wat direk van God gekom het, dit is teenoor hulle eie aardsgebonde geleerdheid vanuit belangrike opleidingsinstansies verkry (die Yeshivas) en waar hulle natuurlik geleer het om alles op natuurlike, intellektuele wyse te kon beredeneer en te verklaar.

God is dan nou besig om sy laaste skale (*Openbaringe van Johannes*) op die aarde uit te stort en ons kan God dan nie net hiet en gebied – dit is om wêreldpolitiek en politieke winde te bind en te ontbind nie, dit is soos wat ons dan dit wil doen net om sake weer te stabiliseer volgens ons eie wil nie - ons kan ook nie Sy wil voortdurende bly verbid nie en dan verwag dat God ons *teen Sy Woord in* sal bly antwoord nie! Dit is nou spesifiek met betrekking tot wêreldtendense en nie met persoonlike probleme in gedagte nie en natuurlik sataniese loslatings wat wel gebind kan word. Om hierdie rede behoort ons des te meer die Bybel te ondersoek en sodat ons tot ware kennis van die profetiese woord wat in die Bybel vir ons opgeteken staan, kan kom.

Die vraag is, hoe sal God dan Sy wil ten opsigte van hierdie verbygaande (!) wêreld ooit tot vervulling kan bring as ons dit wat die Woord onder ons aandag bring (God se wil), altyd wil verbid volgens ons eie wil en welbehae? Dit is net asof die mens superkrag wil hê om sodoende in beheer van sake te kan staan in plaas daarvan om die beheer aan God oor te laat. So asof God nie kan of mag besluit sonder die mens se voorskrif aan Hom nie! Feit is God maak nou die pad oop vir Sy afrekening met die nasies, naamlik om hulle aan te dryf na Armageddon toe (=die laaste en finale slag ten opsigte van hierdie dispensasie van Genade waarin ons nou leef) en sodat Hy Sy Seun wat bitter gely het op Golgotha om verlossing vir die ganse wêreld te bring, voor die oë van een en almal kan oplig en om Hom dan te bekroon as "Koning van alle konings en Here van die heerlikheid van God" (Ps 2; Lees ook Petrus en Paulus aangaande Jesus as "Here van die Heerlikheid" (Lord of Glory).

Nou, om terug te kom na *die profetiese woord* wat God nogsteeds in plek hou, dit is tot en met die aanbreek van die "volmaakte era" en wanneer elke getroue volgeling van Jesus sy/haar erfporsie (="lot") in ontvangs sal neem (!) en wanneer die enigste Volmaakte ooit (= die vleesgeworde mens (Jesus Christus) sal oorneem as "Koning van alle konings" (dit is by die Wederkoms van Christus, verwys 1 Kor. 13.10 wat so dikwels deur een en almal wat tog so graag die Geesgawes wil beperk tot die Bovertrek, *verdraai* word!): Dit is al soveel jaar gelede wat hierdie profetiese aankondigings gemaak was en die realisering daarvan kom nou maar eers tot vervulling. En dit is natuurlik die

teken van egte, onfeilbare profesie want dit vind juis op hierdie wyse plaas en sodat daar geen spekulering kan wees van beïnvloeding nie.

Die Here het ook een Sondagoggend in Pretoria ons ingelig, dit was ook in om en by 1994 naamlik: "Daar kom `n beroering in Amerika. Die lig wat tot hiertoe nog vir julle `n lig was, gaan uitgedoof word". Dit is natuurlik wat in ons dae tot vervulling gekom het en ons behoort dit, as ons eerlik en objektief wil wees, en soos wat dit voorkom, uit Donald Trump se politieke beleid en veral die toepassing daarvan raak te kan sien. Ons behoort dan nie langer hieroor te twyfel nie. Maar die Here het ons altyd ook vertroos, naamlik dat Hy by ons sal bly en dat Hy altyd vir ons (=Sy ware bloedgewaste Bruid = diegene wat op Hom sal bly vertrou en Hom ook ongeveins liefhet), sal sorg en onderneem.

Die Here het dikwels aardbewings in spesifieke lande aangekondig en wat gister (2017-04-03) plaasgevind het hier plaaslik, die aardtrillings en skuddings in Klerksdorp en tot sover as Parys volgens nuusberigte waargeneem, sluit natuurlik aan by dit wat so 'n tydjie gelede in Orkney plaasgevind het. Die jongste trillings was glo sover as Botswana ervaar. Hierdie gesalfde het een oggend (1991) deur God se Gees `n "baie kragtige aardbewing in Suid-Afrika" aangekondig. Die Here het gewys op "die plate van die aarde sal op mekaar skuif". Hy het na die diens verklaar waar dit sal plaasvind en soos wat hy gestaan het, het hy met sy hand na links gewys (=wes). Dit is dan aan die westelike gedeelte van die land opwaarts en, soos wat hy dit verklaar het, sover as in die omgewing van die Cabora Basa opvanggebied – `n kragtige aardbewing sal, soos dit voorkom, uit die aard van die saak `n wye omvang hê.

Dit sal dan `n baie kragtige aardskudding wees en wat ons nou ervaar is, soos dit voorkom, maar net `n voorloper. Hierdie gesalfde van die Here het ook in daardie tyd op `n baie kragtige aardbewing in die noordelike dele van Afrika gewys, ook een in Australië asook een in Amerika (1993/4). In die geval van Amerika het die Here gewys op die handeldrywery met menselewens en die vergieting van onskuldige bloed wat Hom mishaag. Om hierdie rede stuur die Here hierdie tipe strafgerig. In laasgenoemde geval het hy `n besondere lang brug gesien. Volgens hom was hy nie bekend met so `n brug nie – die lengte daarvan – dit is oor die oseaan. Hy het gesien hoe die brug afgebreek het deur die geweld van die aarbewing en hoe `n man `n tevergeefse poging aanwend om die bestuurders van die voertuie wat aan beweeg was op die brug, te probeer waarsku. Aardbewings dui natuurlik op God se strafgerigte en volgens Jesus op Sy terugkeer – dit sal dan vermeerder - en ons behoort dan te let op hierdie tekens wat God aan gelowiges gee, dit is om ons geloof te versterk, naamlik by die vervulling daarvan, in `n lewende verrese Jesus.

Die volgende kommentaar word hier bygevoeg omrede daar soveel verwarring oor die Heilige Gees en veral met die Derde Persoon-belydenis in gedagte, bestaan.

"Die getuienis van Jesus is die gees van profesie", dit is volgens die *Openbaringe Boek* (19.10). Om hierdie rede bly Jesus die "Woord van God" en elke keer wat ons profeteer, spreek ons dan van die opstanding van Jesus wie leef om vir ons voorspraak te doen by God die Vader (Heb. 7-10). Alle profesie gaan dus deur Jesus anders is dit niks anders nie as spirities en omrede Hy deur die Vader as die Woord van God aangewys is, word Jesus juis met profesie (die woord) verbind (Joh.1.1). Die "gees van profesie" oftewel die "Gees van Profesie" (=om dit van die mens se gees te onderskei) is dan die Vader se Gees uit wie die Gees uitvloei deur die Seun (=die Heilige van God), dit is tot ons want Jesus het verklaar dat Hy alles doen volgens die Vader se wilsbesluit (=Sy wil). Om hierdie rede verheerlik God deur Sy Gees *en wat ons as gawe van Hom ontvang*, altyd vir Jesus (Hand. 1.8). Johannes verklaar dan in goeie trou: "Die getuienis van Jesus is die gees (Gees) van profesie" (Open. 19.10).

Jesus het gekom om van Sy Vader te getuig volgens die *Evangelies* en Hy het Sy dissipels belowe dat die Vader die Heilige Gees in Sy Naam sou stuur (Joh. 14/15). Jesus het na die Heilige Gees as "Gees van Waarheid" verwys. Sy getuienis spreek dan van Waarheid teenoor satan wie die "vader is van leuens"

volgens Jesus. Dit kom voor asof Johannes die spesifieke bewoording gebruik het met hierdie betrokke saak in gedagte want profesie is een van die Geesgawes (1 Kor. 12). Omrede Jesus die Woord van God is, is Hy natuurlik daardie Een wie die profetiese woord deur `n mens ('n instrument van God) uitgee, dit is wanneer die Gees van God oor die kanaal wat profeteer toesak ("So sê die Here....") . God is dan Waarheid en God is Gees volgens *Joh. 4.24* . Dit is dan die Gees van God die Vader wat ook aan Jesus behoort (die Heilige van God) en wat dan ook met God die Vader se Gees verbind. En dit is Skrifwaarheid!

Jesus verklaar tog baie duidelik in *Joh. 14. 16*: "En Ek sal die Vader bid, en Hy sal julle `n ander Trooster gee om by julle te bly tot in ewigheid." Dit is dan bedoelend tot by Sy terugkeer oftewel die einde van hierdie eeu of tydperk tot en met Sy terugkeer (*aeon*). Jesus beklee dus weereens die sleutelrol in gebed tot die Vader wie die Trooster sou stuur = God se Gees. Sou ons die oorspronklike Griekse teks in ag neem, behoort ons te onthou dat die manuskripte in hoofletters geskrywe was, dit is dan die gehele teks. Die kleinletters (*lower case*) vind ons by geskrewe Grieks (Gees van God dui dan vir my op God se onmeetbare Gees en ek verkies hierdie tipe onderskeid, dit is teenoor byvoorbeeld die mens se "natuurlike" gees) . "Trooster" sou dan "trooster" wees en wat dalk lig op hierdie netelige kwessie werp, naamlik dat dit beeldspraak (personifikasie) is en dat dit sodanig aangewend kan word. Feit is, daar is net te veel gemeentelike begroetings in die NT apostoliese briewe (veral Paulinies) en wat net na die Vader en die Seun verwys! En wat ons dan `n idee kan gee dat hulle nie die Heilige Gees (Gees van die Heilige) as `n selfstandinge Persoon, afgeskeie van die Vader, beskou het nie.

Dit kom dan voor dat Jesus hier beeldspraak gebruik het weens die omstandighede waarin Hy Homself bevind het. Hy het goed geweet Sy dissipels (apostels) sou net die ontvangs van die Gees van God begryp het nadat hulle dit self belewe het! Daarom spreek Hy hier in beeldspraak (simboliek). En om hierdie rede behoort ons die gehele Joh. 14 baie objektief te benader want Hyself keer weer terug volgens Sy belofte na hulle toe, en dit is ook Hy wat in hulle harte kom woning maak ná die ontvangs van die Heilige Gees. Waarom? Dit is Hy wat die uitdeler is van die Geesgawes (Ef. 4). God het met ander woorde deur Sy Seun wie Sy Gees gedeel het, die Gees van die Heilige (=die Heilige Gees) gestuur! En daarom was die Seun, dit is in die Bovertrek met die uitstorting van die Heilige Gees, verheerlik! Waarom nie die Heilige Gees nie, en veral waar so baie tot die Heilige Gees as "derde Persoon" bid. Iets wat onbybels is!

Dit sou dan beteken dat Jesus se woord van profesie wat Hy deur `n kanaal ('n mens) tot ons bring, wel van God die Vader afkomstig is maar dat Hy as Middelaar tussen God en mens gebruik word sodat God die mens kan ontmoet en met die mens kan praat - Hy is dan in hierdie gesagsposisie deur die Vader aangestel, dit is as ewige Middelaar. Ons kan dan tereg na profesie verwys as die Gees van die *Heilige* (=Jesus, Mar. 1) en wat deur profesie opereer! Ons behoort hierdie kettingreaksie baie maklik raak te kan sien want God die Vader gebruik altyd Sy Seun as Tussenganger = tussen Hom en die mens omrede God net toeganklik vir ons word deur Jesus, Sy Seun. God self is `n verterende vuur en om hierdie rede gebruik Hy Sy Seun om ons deelgenote aan die bonatuurlike werkinge van God te kan maak (Heb. 12.29). Ons kan dus nie Jesus passief maak nie, nie eens vir `n sekond nie! Hy is die Middelaar van die "Beter Verbond" (Paulus) wat die ontvangs van die Heilige Gees as gawe insluit (Ef. 4.8-9). Die apostel Johannes verklaar in sy eerste pastorale brief dat baie geeste in die wêreld uitgegaan het en ons as gelowiges behoort hierop ag te slaan. Afvalligheid is altyd subtiel en om hierdie rede verwag God van ons om wakker en geestelik paraat te wees.

Diegene wat voorafgaande Skrifwaarheid glo (God se raadsbesluite wat Hy dan op hierdie wyse bekend maak alvorens Hy optree) kan natuurlik God se beskerming vra, dit is as God byvoorbeeld `n aardbewing sou stuur, want Hy het ons nie wese gelaat nie maar Hy versterk ons deur die Heilige Gees wat verborgenhede aan die lig kan bring. Feit is, God laat NIKS toe op aarde alvorens Hy dit nie allereerstens bekend gemaak het aan Sy diensknegte nie, naamlik die profete (Lees Amos 3.7). En Jesus, Seun van God, Gestuurde van God die Vader, bly by ons "tot by die voleinding van ALLE dinge"(Mat. 18.20). Dit is ook Jesus, op wie die Heilige Gees rus (daarom word Hy die "Heilige van God"genoem sodat selfs die demone dit moes erken het (Mar. 1.12 en Mar. 1.24) en wie dan vir ons 24/7 intree by die Vader (Heb. 7, 9,10). Lees met aandag 1 Tim. 2.5: "Daar is EEN God en EEN Middelaar tussen God en mens, die mens Jesus Christus." Let goed hierop en alhoewel ons leer dat daar net EEN God is, word die Heilige Gees dikwels as Intredende by God vir ons voorgestel en selfs as "God die Heilige Gees", dit is as derde Persoon.

Daar is dan wesentlik volgens hierdie belydenis twee Middelaars as ons dit so sou bely en ons behoort dan weereens `n anomalie hier raak te kan sien. Om hierdie rede behoort ons weereens te besin oor die geheel van die Bybel, Ou sowel as Nuwe Testament. Ons behoort altyd wat ons lees in konteks te lees en ons sal dan noodwendig kruisverwysings ook moet maak want Paulus se *Hebreër Brief* wemel met

verwysings na Jesus as enigste (!) Intredende (=Middelaar/Mediator) vir ons by God die Vader! Die groot vraag dan is: Hoe behoort ons hierdie problematiek vervleg rondom die Heilige Gees as ook `n Middelaar (Intredene) te benader? Ons moet net fyn let op die sintaks van die teks en veral hoedanig die inhoudelike aan ons oorgedra word as ons enigsins in God se wil sal wou bly. Sou ons Jesus dan onaktief maak, dit is om Hom net bloot op die agtergrond te skuif terwyl die Heilige Gees as Derde Persoon werksaam bly onder ons, gaan ons teen die Woord omdat ons Jesus dan stroop van Sy sentrale plek in die Saligheidsplan van God en wie Sy Seun juis in die wêreld gestuur het om ons van ons sondes en ons siektes te verlos (=die twee vloeke wat die mens getref het in die Tuin van Eden en wat Jesus vir ons vervang het met twee onskatbare seëninge, en wat verseël is met Sy bloedoffer, naamlik ons genesing en ons saligheid! (Dr Siva Moodley van DStv aanbiedings druk hierdie twee seëninge en vloeke baie raak uit!). Dit was juis Jesus wat die Heilige Gees belowe het vir ons en wat God met 'n baie goeie doel juis in die Naam van Sy Seun gestuur het (Hand. 1 & 2; Joh. 14 & 15).

Ons moet dan baie versigtig wees om nie die heerlikheid (*glory* wat nou verbind is met die Gees van God die Vader) op `n aparte, derde persoon te verplaas en om sodoende Jesus onaktief te wil maak en boonop Hom op hierdie wyse van *Sy Heerlikheid te stroop nie!* Hy was juis deur die Vader verheerlik ná Sy opstanding en Jesus is inderdaad volgens die Woord nou aktief betrokke by die Vader, dit is om vir ons in te tree (Joh. 17; Heb. 4; Heb. 7,8, 9,10). Om hierdie rede verklaar Paulus aan die Korinthiërs: "Die Here (=Jesus in hierdie konteks) is die Gees en waar die Gees van die Here is, daar is vryheid!" Jesus verklaar om hierdie rede, dus met `n baie goeie profetiese doel voor oë, dit is in Joh. 14 dat Hyself weer na hulle toe terug sou kom *en dat Hy dan binne hulle sal wees* (! ) Hy is dan ons voorspraak (advokaat) by God die Vader en Hy leef nou in ons harte (Heb. 4; Mat. 28.20; Joh. 14. Verwys ook na Joh. 14.23 ook vers 28) In Joh. 14.18-20 verklaar Hy dat Hy Sy dissipels nie wees sal laat nie maar dat Hy weer na hulle toe kom)! Waarom beklee HY dan hierdie tussengangerposisie as ons dit wat Hom toekom van Hom wil stroop net om `n nie-apostoliese, teologiese verklaring wat oorgelewer was van geslag tot geslag, in plek te wil hou? (Die Katolieke Kerk bely dat Maria intredend is by God vir die mens en Maria word baie duidelik met die Heilige Gees verbind - `n afvallige erfenis wat Protestantisme en Pentekostalisme verwerp (!) en waarop gelowiges behoort te let, dit is as ons enigsins by Skrifwaarheid wil uitkom!)

Mag ons ooit Jesus onaktief (passief) maak terwyl Hy inderdaad ons gebede ontvang (*Boek Openbaringe*) en gister, vandag en tot in ewigheid *dieselfde* bly? (Heb. 13.8). Jesus is baie duidelik volgens die apostels se leer, die "Here van die Heerlikheid" en wie dan herhaaldelik in oud-Israel God se wil aan die volk deur die profete en begunstigdes bekend gemaak het. Dit is dan die grootste fout wat die Skrifverklaarders (die gewildes van vandag) maak, naamlik om Jesus van die Krag (Power) van God – wat sonder enige twyfel die Heilige Gees onderlê - te stroop! Hy word sodoende van God se Heerlikheid en Sy regmatige erfenis gestroop (!) – dit is as ons die "Gees van God" op `n teologies beredeneerde (!) "derde" Persoon sou verplaas. Lees altyd die Woord biddend want baie misleidende geeste het in die wêreld uitgegaan (1 Joh. 4.1). ONS KAN NIE JESUS VAN SY HEERLIKHEID ( !) STROOP NIE! DIT IS ONBYBELS! En die Heerlikheid van God hou altyd verband met God se Geeswerking, ook God se oneindige Krag. Hou dit altyd in gedagte. En die grootste dilemma is dat dit juis die leierskap van vandag is wat nou die kerklike arena beheer (die TV aanbiedings ensovoorts) wat hierdie tipe kontensieuse belydenis verbete in plek hou en wie ook die oorsaak is dat van God se kragtigste vate nie die arena behoorlik kan betree nie! Ek het eerstehandse ervaring van hierdie tipe uitsluiting maar God het deur Sy Gees een Sondagoggend in Pretoria verklaar : "Al spyker hulle die deur toe, Ek sal dit oopruk!" God het net `n manier om Sy ware gesalfdes tot redding te kom!

Mag God tog illuminasie bring ("verligte oë van die verstand"volgens Paulus) want dit is net asof die mens maar nie kan wegkom van ou oorlewerings en gebod op gebod en reël op reël nie! Ons wil maar net die massa bly volg. Kyk net watter groot werkinge van God word deur die Gees van God gedoen (dit is waar God ook mense gebruik wat nie aan hierdie tipe ou oorlewerings glo nie!) Mag God Sy bloedgewaste Bruid tog erkentelik maak!

Ek voel net om hierdie kommentaar by te voeg en sal later daarop uitbrei want God se instrumente wie Hy ook wil en SAL gebruik in hierdie dae, word dan pynlik en dikwels nogsteeds gekniehalter net omrede hulle hierdie ou kerklike instellings en oorlewerings in `n ander lig beskou – wie dan die Heilige Gees as Krag van God sien en wat dan uit God die Vader, deur Jesus Christus tot ons uitgaan en wat dan nie volgens die post-apostoliese Kerkvaders se beleid is nie. Ons behoort dan baie meer toegeeflik teenoor mekaar te wees in plaas daarvan om medegelowiges te takseer volgens hierdie tipe onsekere/duister/dubbelsinnige oorgelewerde dogmatiese verklarings. Dit is gewoonlik, ironies, die Gees-verklarings wat liefdeloosheid in die hand werk. Kom ons kyk dan weereens na 1 Kor. 13.13 met nuwe oë! Laat ons ook veral versigtig wees om nie "kultusaanbidding" en "valsheid", "afvalligheid" en "misleiding" links en regs uit te deel nie! Laat God in die Oordeelsdag uitspraak lewer!

(3) `n Baie merkwaardige visoen word deur Miemie Blomerus (1920-2014) in haar oudioboek vertel. Sy het na die dood van haar seun hierdie naggesig van die Here ontvang en wat deur Jes. 24 bevestig word, soos dit voorkom en wat kortliks neerkom op God se oordele wat oor die aarde voltrek sal word in, soos wat dit blyk, hierdie heel laaste dae. Hierdie betrokke vertelling is opgeneem in Deel 5 van haar "Kruik vol Lewende Water".

(4) Die volgende visioen wil ek ook graag hier kortliks vertel: Dit was wel al êrens oorgedra maar ek kon dit nie weer opspoor nie. Dit was deur Arie R J Blomerus (1910-1997) in ongeveer 1993/4 van die Here ontvang. Hy het vertel dat hy `n deur in die hemel sien oopgaan het. `n Lig het daaruit gestraal. Hy het gesien hoe twee marmerblokke skielik sonder die aanraking van `n hand teen mekaar skuif. `n Goue band het skielik om die groef tussen die twee marmerblokke gevou. Twee "spierwit" voete het uit die deur te voorskyn gekom en op die twee marmerblokke stelling ingeneem. Dit was soos Hy die visioen vertel het, die voete van Jesus. Voor op die marmerblokke het hy die volgende letters sien verskyn : `n 2 en `n 0 (nul) en ná die twee syfers `n hand wat die betrokke syfer bedek het en waarop daar toe `n 8 gevolg het. Dit is met ander woorde, 20- 8 ('n spasie tussen die 0 en die 8 maar wat deur die Hand toegehou was). Die hand het dan die derde syfer bedek. En dit is natuurlik die baie belangrike wederkomsdatum volgens hom.

Ek beveel hierdie oudioboek (*Die Heilige Gees in my Bediening* graag aan - geskryf deur iemand wat kon getuig het van herhaalde verskynings van Jesus aan hom en baie merkwaardig, het hy op `n stadium van sy lewe sewe serafs gesien wat saam met die trein gevlieg het, en wat sigbaar was vanuit die gang voor die koepee waarin hy op reis was, dit is op `n evangelisasietog. Wat ook baie merkwaardig is, was dat hy nooit sy getuienisse opgeblaas het om te beindruk nie. Ook het sy engeleverskynings, ook verskynings van Jesus, verskil van dit wat ons vandag in gewilde TV programme sien (DStv). Mag God Sy volk stroop van oppervlakkige voorstellings van engele want dit het ten gevolg dat God se Skrifwaarheid belaglik gemaak word! Hierdie gesalfde van God kon die voorkoms van Jesus en van die engele haarfyn aan ons oordra maar daar was nooit "vere wat agtergelaat was, of goue tande", ensovoorts nie! Mag God ons help om ons verbeelding in toom te hou want satan is nie net die inspireerder van die leuen nie maar hy hou daarvan om Jesus en God bespotlik te maak! Dit is dan vir almal wie graag wil kennis maak met die wyse waarop die Geesgawes eg kan en sal opereer.

Volgens die *Evangelies* (Markus en Matthéüs) weet niemand, nie eens die Seun nie, die datum van die wederkoms van Jesus en wat natuurlik iets is wat die betroubaarheid van hierdie visioen staaf en wat weereens vir ons behoort te wys hoedanig die Skrifte aangaande Jesus se verhouding en relasie tot Sy Vader deur afvallige kerklike doktrine verdraai was! Ons het hom gevra of hy nie dalk iets verder van die Here ontvang het nie want die wederkoms was toe op almal se lippe in veral daardie tyd. Baie gelowiges het iets groots verwag wat dalk sou realiseer met die aanbreek van die millenium (2000). Sy antwoord was dat ons maar net daaroor kan bespiegel maar dat dit in God se Raadsbesluit is wanneer om die terugkeer van Sy Seun aan te kondig maar dat dit vir hom *voorkom* asof ons nog (en soos wat dit met die wêreldtoestande gaan) "`n hele entjie die millenium sal ingaan". Hy het sy eie mening uitgespreek dat dit dalk so twintig/dertig of selfs in die veertigs kan wees maar (!) hy wou hom nie tot enige definitiewe uitspraak verbind nie omrede hy sterk daaroor gevoel het dat God die Almagtige hierdie kritieke besluit in die geskiedenis van die mensdom sal bepaal en Hy kan selfs die dae verkort sou Hy dit wou doen. Dit is dan sonder die medewete van enige mens. Net Hy (God die Vader van wie die Heilige Gees uitgegaan het en dit verklaar Jesus self, dit is op daardie Een op wie die Gees van Waarheid rus, naamlik dat Hy van die Vader uitgegaan het en ons behoort dan te kan begryp dat net God die Vader alleen weet dan hierdie belangrike uitstaande waarheid.

Daar is êrens `n stelling in die Nuwe Testament dat as God die dae nie sal verkort nie, sal geen vlees meer gered word nie - Lees gerus ook Joh. 8 tot10, ook Paulus se verklaring oor die Seun en die Gees van God, naamlik 2 Kor. 3.17 - my aanbeveling is dat meer as een vertaling geraadpleeg moet word, veral ten opsigte van 2 Kor. 3.17, omrede Skrifinleg dikwels deur selfs geleerdes gemaak word net om algemene

kerklike doktrines in plek te hou).

Diegene wat oplettend is, en wie dan belangstel in die baie belangrike tekens van die tye sal egter hierop let want Jesus het baie duidelik verklaar dat daar aardbewings en tekens aan son, maan en sterre sal wees. Ons kan ook sien dat Israel se benoude toestand in die Midde-Ooste al hoe intenser word en dat Rusland, Sjina, selfs Egipte en Iran nou al hoe meer by Israel se situasie betrek word. Veral Egipte se deelname behoort nie misgekyk te word nie maar ook Rusland se betrokkenheid by Sirië behoort nie ongesiens by ons verby te gaan nie. Daar is juis `n profesie op hierdie webwerf en sover ek kan onthou ook oorgedra op Oudio ("Die Heilige Gees in My Bediening", Deel 6). Egipte sal dan `n sleutelrol speel in die optrek na Armageddon toe, dit is na die antieke "Dal van Josafat".

Rusland se teenwoordigheid in die Midde-Ooste (Sirië) raak baie duidelik al hoe belangriker en dit is dan geen wonder dat hy die "Gog" van Eségiël 38 gemaak word nie. Baie in Israel spreek selfs die mening uit dat alles wat tans rondom Israel besig is om plaas te vind, wel op die vervulling van hierdie baie belangrike gebeurtenis dui. Selfs Rabbi's erken openlik dat dit nou die einde is, naamlik die vervulling van Eseg. 38/39. Maar, en hier dank ek die Here vir die profetiese woord gebring deur hierdie ware gesalfde profeet van God en wat dan ook op hierdie werf, en soos voormeld, beskryf word.

Verwys gerus ook na die vyeboom-visioen (Israel is hierdie vyeboom in Bybelse simboliek). Dit verskyn op hierdie webwerf, op Oudio, "Die Heilige Gees in My Bediening" (Deel 6), en neem dan self kennis van hierdie baie belangrike saak. Dit het betrekking op Israel se huidige toedrag van sake en weereens hulle benarde situasie wat algaande sal verdonker (Dan. 12). Die noodsaaklike Vredesvrag wat ons dan op die profetiese woord (die apostel Paulus maak ook hiervan melding in sy briewe) te wagte kan wees voor die deurlugtige verskyning van Jesus en voordat Armageddon sal plaasvind: Volgens voormelde gesalfde van die Here wie die stem van die Here in sy oor gehoor het sedert sy doping met die Heilige Gees in Augustus 1926 in Lichtenburg, Suid-Afrika (komend vanuit die Dopperkerk, dit is `n gereformeerde kerk wat nie aan die doping of doop met die Heilige Gees geglo het nie, naamlik talespraak) , sal daar eers `n globale vredesverdrag gesluit word tussen die nasies "en `n stilte sal vir `n kort tydjie daarna "oor die wêreld hang" … maar dan, baie skielik, sal die nasies aanmekaar spring" en Israel sal natuurlik dan die middelpunt van hierdie saak wees (Dan. 12; Eseg. 38).

Dan sal die God van Israel wie ons ken in die aangesig van die *Engel van die Here* in glorieryke heerlikheid opstaan oor Sy Volk as hulle Aanvoerder ("Engel" van die Here = boodskapper van God en dit is daardie selfde Engel van God net soos wat Hy aan Dawid by Aruna verskyn het, ook die Engel van God se Aangesig genoem volgens Jesaja se inset, dit is die Leidsman en Aanvoerder van Israel van ouds (Eks. 23.20+), die geopenbaarde "Ek is wat Ek is" (Eks 3), die El Sar (God-Kaptein) van Joshua (5.13-15). Volgens *Collins Greek Pocket Dictionary:* Gr *angelos* (engel) hou verband met *angelia* wat "aankondiging" beteken en wat op sy beurt goed sinkroniseer met "boodskapper" en die El Sar (Kaptein van God of Leërowerste van God (Josua 5). Die verwysing na "engele" het na mening in klassieke Grieks voorgekom en wat ons natuurlik veral by `n Joodse denkpatroon uitbring (verwys veral na die Septuagint, LXX).

Die geestelike leierskap van vandag veral en wie volhardend hierdie openbaring van God bly verwerp, sal beskaamd staan in daardie dag! In hulle eie hardkoppigheid en hoogmoed (selfbelangrikheid) verlaat hulle keer op God se raadsbesluit veral ten opsigte van die eeu waarin ons nou lewe, naamlik om Sy volk, Israel, uit hulle benoudheid te red deur om God se Leërowerste van ouds te verkondig (=daardie selfde Een wie aan Joshua verskyn het voor sy beleg teen Jerigo , dit is om dit *volgens die heilige Skrifte* Jos. 5). En wie dan ook bekend gestaan het as ENGEL van die Verbond (Mal. 3; Mig. 5).

Dit is dan inderdaad die God van Israel wie niemand kan sien en bly lewe nie, en soos wat die Here (=die Engel of Boodskapper van God) met Moses vanuit die vlam in die braambos gespreek het, wie in en deur hierdie Aanvoerder van God Almagtig opgetree het en waar Hy ookal Sy verskyning as "Israel se God" gemaak het. Dit is hierdie (hoof) engeletussenganger wat weer vir

Israel aan die einde van die dae sal stry en wat vir hulle dan die oorwinning sal bewerkstellig soos wat daar alreeds op hierdie werf, ook op video verkondig word. Kyk gerus na Video V-146 (*Jesus in die Ou Testament*) asook V-165 (God's Plan and Destiny for Israel). Vuur word met die Heilige Gees vereenselwig en dit is juis `n metafoor wat direk betrekking het op die Vader en die Seun (Heb. 12.29; Deut. 4.12; Eks. 3 en 4; Eks. 23.20+).

(6) Mag God ons as Sy bloedgewaste volk help om ons te skik om ons God te ontmoet (Amos). En mag God Israel help om hulle Verbondmaker van ouds te omhels. Kom ons bid eendragtig - dit is `n opgelegde taak vir elke bloedgewaste gelowige in Christus – dat Israel se oë al hoe meer sal oopgaan en sodat hulle hulle uiters noodsaaklike "Engel van die Verbond" (Boodskapper van die Verbond tussen die onsienlike God en Sy verkose volk van ouds) sal kan begryp, naamlik in die aangesig van Jesus, en veral in Sy baie belangrike rol as "Verlosser" (Aanvoerder) van ouds. Om hierdie rede het die Here in 1994 aan my verklaar : "Gaan en verkondig die Engel van die Verbond aan die Jode!" Mag God roepers opwek wat met dapperheid en getrouheid bedeel is, om hierdie boodskap aan die Jodendom volgehoue te bring.

## Samevatting

En dit bring ons vir nou aan die einde van hierdie saak. Soos wat die Here openbarings sal gee in die nabye toekoms, wat ek hoop en vertrou wel die geval sal wees, sal dit op hierdie webwerf geplaas word en sodat baie tot die werklikheid van God in en deur Jesus Christus kan kom. As jy dan seën ontvang het uit hierdie skrywe, stuur dit asseblief aan belangstellendes. Ek glo die Here sal jou ryklik hiervoor beloon.

Ester Blomerus
2015-10-02
Gedeeltes bygevoeg 2017-04-04
Hersiene weergawe 5-7 April 2017

www.housealtarnetwork.com